

SAVSEG Etiese Kode vir Spanleiers/ **SAVSEG Ethical code for Team Leaders**

SAVSEG se goedgekeurde Spanleiers vir embryo-uitvoere het 'n spesiale status en moet met groot verantwoordelikheid hulle professie beoefen.

SAVSEG's approved Team Leaders for embryo exports enjoys a special status and must take extraordinary responsibility when performing their professional duties.

Die volgende etiese kode moet deur alle Spanleiers onderskryf word:

The following ethical code must be applied by all Team Leaders:

1. Spanleiers is lede van S.A.V.S.E.G. en moet die grondwet en reëls van S.A.V.S.E.G. respekteer en nakom.

Team Leaders are members of S.A.V.S.E.G. and must respect and abide by the constitution and laws of S.A.V.S.E.G..

2. Goedgekeurde Spanleiers word geregistreer deur die Department van Landbou, Bosbou en Visserij, Departement Dieregesondheid. As sulks moet hulle die verantwoordelikheid en pligte aanvaar en nakom wat gepaard gaan met 'n amptelike aanstelling deur die Departement.

Approved Team Leaders are registered by the Department van Agriculture, Forestry and Fisheries, Directorate Animal Health. As such they must accept the responsibilities and perform the duties required by this official appointment from the Department.

3. Goedgekeurde Spanleiers word ook internasionaal erken. Spanleiers moet sorg dra dat uitvoere van genetiese materiaal nooit 'n gesondheids- of genetiese risiko vir die invoerland sal hê nie. Protokolle soos gestel deur die lande wat vanaf RSA invoer moet streng nagekom word. Die Spanleier moet ook totale verantwoordelikheid aanvaar wanneer hulle as Spanleier optree met invoere na RSA (gewoonlik Afrika lande).

Approved Team Leaders are also recognized internationally. They must ensure that the export of genetic material will never endanger the importing country with regards to disease or genetic risks. Protocols as set by the countries importing from RSA must be complied with fully. The Team Leader should also accept total responsibility when acting as Team Leader for imports into the RSA (usually from African countries.)

4. Spanleiers onderneem om die status van hulle eie sentrums en die uitvoerstatus van die RSA na hulle beste vermoë te beskerm en uit te bou.

Team Leaders undertake to protect and improve the status of their own centers and the exporting status of the RSA to the best of their abilities.

5. Spanleiers sal toesien dat hulle sentrums voldoen aan internasionale standaarde. Hulle moet oor die kapasiteit beskik om tegniese en administratiewe take korrek en volledig te verrig, of toesien dat hulle oor voldoende goed opgeleide personeel beskik om tegniese en administratiewe take onder hul toesig te verrig.

Team Leaders will see to it that their centers meet international standards. They must have the capacity to perform their technical and administrative duties properly, or ensure that they employ competent and well-trained personnel to perform these tasks under their supervision.

6. Spanleiers sal poog om goeie verhoudinge met ander embriopraktisyns te handhaaf en hulle weerhou van afbrekende kritiek en negatiewe bemarking, soos ook uitgestip in die riglyne van die SAVR, SAVV en IETS.

Team Leaders will try to keep good relations with other embryo practitioners and will refrain from derogatory criticism and negative marketing, as also stipulated in the guidelines of the SAVC, SAVA and IETS.

7. Kontak en verhoudinge met alle rolspelers in die bedryf moet op integriteit en deursigtigheid gebaseer wees.

Interactions and relations with all role players in the industry must be based on integrity and transparency.

8. SAVSEG word deur die SAVV en die SA Veterinêre Raad erken. SAVSEG lede is in hulle professionele hoedanigheid dus ook onderhewig aan die kodes van hierdie liggame.

SAVSEG is recognized by the SAVA and the SA Veterinary Council. Members of SAVSEG must therefore in their professional capacity also abide to the codes of conduct of these organizations.